**Van woorde na dade om kinders teen seksuele misbruik in kerke te beskerm**

**Selina Palm***

Suzie, ʼn volwasse oorlewende van seksuele mishandeling in haar kinderjare, vra aangrypend: "*Wie sou ek gewees het as ek nie mishandel is nie? Ek het amper die helfte van my lewe weens seksuele mishandeling in my vroeë kinderjare verloor. Hoe sou my lewe en die lewe van my kinders gewees het as ek destyds met waardigheid en respek behandel is? Trauma is altyd intergenerasioneel*." Haar kragtige woorde versterk die boodskap van die 2025 South African Child Gauge, wat op ontwrigtende tussengenerasieleed aan vroue en kinders fokus.

Hierdie bewysgids benadruk ook die sleutelrol wat geloofsleiers in dié gedeelde taak kan speel, aangesien die oorgrote meerderheid van Suid-Afrikaners van alle ouderdomme gereeld ʼn kerk bywoon. Suzie is seksueel misbruik deur twee manlike familielede wat leiers in haar kerk was. Haar eie kerk was medepligtig aan hierdie misbruik omdat hulle haar stem gedoof, die kant van haar oortreders gekies en verwronge teologieë van onderwerping en vergifnis aan haar verkondig het.

Suzie se storie is maar net een van duisende. Christelike kerke oor die wêreld heen is oor die afgelope dekade met ʼn klomp verskriklike onthullings gekonfronteer. Gedetailleerde getuienisse toon dat kerke oor denominasies heen nie meer die rol kan ontken wat hulle gespeel het in die pleeg en voortsetting van seksuele misbruik van kinders nie. Suid-Afrika het ook nie hierdie onthullings vrygespring nie. Gevolglik stel baie plaaslike kerke haastig formele kinderbeskermingsbeleide op. Dit laat die vraag ontstaan: Hoe kan ons seker maak dat sulke beleide nie bloot stof op ʼn rak vergader nie, maar omskep word in lewende dokumente wat ons kinders veilig hou?

Met die naderende einde van 2025 bevind ons onsself tussen Internasionale Kinderbeskermingsweek en die 16 Dae van aktivisme vir geen geweld teen vroue en kinders, met Wêreldkinderdag (20 November) wat in die middel lê. Te midde van die risiko van retoriek wat tydelik op kinders fokus voordat hulle terugval in kultureel en godsdienstig deurdrenkte patrone van gesien en nie gehoor word nie, ontstaan geleenthede vir dieper besinning in ons kerke oor wat dit beteken om van woorde na dade rakende kinderveiligheid te beweeg.

Die kursus *Faith and Helping Children Thrive Without Violence*, wat die eerste keer in 2025 ontwikkel is en deur die SVRI (die Seksuele Geweldnavorsingsinisiatief) se Gemeenskap van praktyk oor geloof en geslagsgebaseerde geweld aangebied word, delf dieper in die seksuele misbruik van kinders in kerke en ander geloofsinstellings. Dit help praktisyns en geloofsleiers reg oor Afrika en verder om saam te verken wat dit beteken om kinderbeskerming ernstig op te neem. In die SVRI se leeropdrag vir 2025, Kinderveiligheid in geloofsgemeenskappe: om van woorde na dade te beweeg, word die uiteenlopende stemme en wysheid van kursusdeelnemers soos Suzie, insluitend geloofsleiers, oorlewendes en NRO-aktiviste, gebruik om ʼn paar sleutelstappe te identifiseer wat kerke kan doen om voorkeur aan hierdie kwessie te verleen.

Thembelani, ʼn kursusdeelnemer en pastoor van die Oos-Kaap, het gesê*: "Ons glo elke kind is ʼn geskenk van God, geskape na God se beeld, diep geliefd en verdien beskerming, waardigheid en sorg. Maar baie kinders in ons gemeenskappe is nie veilig in hulle huise, skole of selfs kerke nie, en ly in stilte omdat hulle vrees dat hulle nie geglo of ondersteun sal word nie. Ons het ʼn verantwoordelikheid om waaksaam te wees, te luister en ons stemme te laat hoor. Kinderbeskerming is nie net ʼn regskwessie nie, dis ʼn geestelike plig. Die beskerming van kinders is nie iets afsonderliks van ons geloof nie, dis ʼn lewende uitdrukking daarvan."*

Die gebruik van storievertelling in die kursus was transformerend. Een storie het gegaan oor ʼn Suid-Afrikaanse pastoor wie se dogter hom nie kon vertel dat sy verkrag is nie, want toe sy laat by die huis kom was sy reaksie om haar ʼn "pak slae" te gee en bed toe te stuur. Sy het hom jare later vertel dat,

ondanks sy rol as ʼn aktivis teen geslagsgebaseerde geweld in die gemeenskap, sy eie dogter haar nie na hom as ʼn veilige persoon kon wend nie.

Om geloofsleiers as eerste reageerders met ʼn dieper begrip van trauma-ingeligte sorg vir kinderoorlewendes toe te rus is ʼn deurslaggewende stap in hierdie verandering. As geloofsmense moet ons almal onsself die vraag afvra: Is ek ʼn veilige persoon na wie kinders hulle kan wend? Ons moet bereid wees om die kinders in ons geloofsinstellings te vra wat hulle nodig het om veilig te voel en veilig te wees.

Kerke moet ook hulle eie aannames uitdaag. Hulle moet kinders nie net teen eksterne "vreemdelingegevaar" beskerm nie, maar ook teen die mees algemene bronne van geweld wat in gesinne, huise, skole en selfs kerke voorkom.

Die vestiging van ʼn kultuur van beskerming in Suid-Afrikaanse kerke is ʼn uitdagende en langtermynproses, maar elke gemeentelid kan ʼn begin maak deur hulle kerk te ondersteun om die volgende stappe te doen:

- Om te luister na en te leer van voormalige oorlewendes soos Suzie wat professioneel met kerke saamwerk. Dit sal dit makliker vir ander oorlewendes in kerke maak om veiliger te voel om hulle stem te laat hoor eerder as om deur skaamte, stigma en ʼn gebrek aan geloof tot stilswye gedwing word. Mesa, nog ʼn kursusdeelnemer van Zimbabwe, het opgemerk dat *"volwasse oorlewendes soos Suzie by die opvoeding van geloofsleiers en die ontwerp van programme in geloofsgemeenskappe betrokke moet wees. Oorlewendes kan geloofsleiers help om die werklike impak van mishandeling te verstaan, asook die mislukkings van huidige stelsels en hoe betekenisvolle ondersteuning werklik lyk as ʼn kragtige manier om stilte te verbreek, skadelike norme uit te daag en te verseker dat beskermingsresponse oorlewing-gesentreerd is".*

- Om vaste meganismes te ontwikkel wat alle kinders in jou kerk in staat stel om hulle stem te laat hoor, deel te neem, gehoor en opgevoed te word – sonder dat kragtiger volwasse stemme hulle uitdoof. Fatuma, ʼn kursusdeelnemer van Uganda, dring daarop aan dat *"kinders moet kan identifiseer wat geweld is en wat hulle as aktiewe deelnemers aan hulle eie veiligheid kan doen. As kinders bemagtig word, kan hulle geweld aanmeld en tot veiligheidsintervensies bydra".*

- Om verwronge en skadelike teologiese leerstellings proaktief die hoof te bied. Seksuele misbruik van kinders in kerke gaan dikwels met patrone van geestelike misbruik gepaard. Plegers sê vir kinders dat hierdie God se wil is of buit geslagsgebonde vrese oor heilig- of maagdelikheid of etikettering as ʼn homoseksueel uit om hulle stil en skaam te hou. Oluwasegun, ʼn kursusdeelnemer en pastoor van Nigerië, merk op*: "Kinders word moontlik meegedeel dat as hulle nie hulle ouers gehoorsaam nie, godsdienstige lerings bevraagteken, of nie godsdienstige rituele perfek uitvoer nie, hulle hel toe sal gaan, vervloek sal word, of ongeluk vir hulle gesin sal bring. Geestelike tekste of spirituele gesag word gebruik om vrees, skaamte en skuldgevoelens in te boesem. Om ʼn veilige persoon vir kinders te word beteken om ʼn omgewing te skep waar hulle gehoor, gewaardeer, beskerm en vry van oordeel of vrees voel."*

Om kinders teen seksuele misbruik in ons kerke te beskerm moet ons na hulle luister sonder om te oordeel, hulle glo wanneer hulle uitpraat en hulle stemme en gevoelens respekteer. Ons moet ook seker maak dat alle kinders hulle reg verstaan om "nee" te sê vir enigiets wat vir hulle verkeerd of onveilig voel – selfs by volwassenes wat hulle ken en vertrou.

*** Dr Selina Palm is die voorsitter en kursusleier van die SVRI-werkgroep oor geloof en die beëindiging van geweld teen kinders. Sy is ook ’n navorsingsgenoot vir geweldsvoorkoming aan die Universiteit Stellenbosch en ’n geloofsleier by die Rondebosch United Church.**